Sondagskool 1

Lestitel: Lug, aarde en water

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Lug, aarde en water”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Lug, aarde en water
Bybelwoord	Genesis 1: 1-19
Lesdoelwit	Die kinders leer om God se volmaakte skepping te bewonder en word bewus gemaak dat alle lewe afhanklik is van die elemente (lug, aarde en water) wat deur God geskep is.

Lesopsomming:

● Vandag wil ek hê dat jy jou verbeelding moet gebruik.
● Stel jou voor dat jy in die tuin speel. Jy is besig om jou eie wêreld te maak.
● Jy breek blomme en takkies af om dit in die sand te plaas. Jy gebruik modder om 'n berg te maak en maak selfs 'n tonnel deur die berg. Volgende grawe jy 'n meer en vul dit met water.
● Jy staan terug om na hierdie wonderlike wêreld te kyk wat jy gemaak het.
● Maar iets ontbreek. Jy het 'n son, maan en sterre nodig, maar hoe sou jy dit kon maak?
● Jy dink terug aan jou laaste les toe jy geleer het van hierdie bronne van lig wat God geskep het.
● Jy is so opgewonde as jy na jou vriend se huis hardloop. Jy wil hê hulle moet die wêreld kom sien wat jy geskep het.
● Jy sê dadelik vir hulle: “Kom kyk, ek het my eie wêreld gemaak! Dit is so mooi! Ek het berge gemaak, 'n meer en selfs blomme en plante daarin gesit.”
● Maar o wee! As jy en jou vriende in die tuin kom, begin jy amper huil as jy die verbleikte en verlepte blare en blomme sien.
● Selfs jou meer het opgedroog. Die brandende son het alles verwoes.
● Wanneer jy die meer met 'n emmer probeer vul, spat die water oor die rand en vernietig selfs die berge en tonnels wat jy gebou het. Jy is baie hartseer.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Ons is nie in staat om 'n eie wêreld te bou nie.
● Alles wat mense bou (motors, geboue en groot brûe) sal eendag tot niet gaan.
● **Net dit wat God geskep het, sal vir ewig hou.**
● God het die elemente, lug, aarde en water geskep en sonder hierdie elemente sal alle lewende wesens sterf, selfs ons.
● Die goeie nuus is dat jy 'n nuwe landskap(tuin) kan skep deur God se skepping te gebruik.
● God het sade geskep wat jy in die grond kan plaas om vir jou pragtige plante te gee.
● Die lug wat God geskep het, vul jou longe wanneer jy diep asemhaal. Dit is dieselfde lug wat jou plante nodig het om te groei.

● Jou sade sal ook baie water benodig om sterk wortels te laat groei, net soos u liggaam water nodig het om gesond te bly. God het water in baie verskillende vorme geskep.
● God het die aarde en die see geskep sodat alle lewende wesens 'n woonplek sou hê. Die aarde en die see voorsien ook voedsel vir mense en diere.
● Sonder lug en water sal alle lewende wesens sterf.
● Ons kan net sorg dra vir dit wat God aan ons gegee het en ons moet nooit vergeet dat God die Skepper van alles is nie.
● Dit is so opwindend om te dink dat ons die skepping van God kan gebruik om ons eie pragtige tuin te skep.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wat het gedurende die eerste vier dae van die skepping gebeur?
Antwoord: Les 1
2. Water word op verskillende maniere aan die aarde voorsien. Noem ‘n paar op?
Antwoord: dou, ys, sneeu, reën

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen